

RENÉ MARAIS

Poësiechroniek IV

Gedurende 1993 het daar in Afrikaans drie debuutdigbundels verskyn: Gert Vlok Nel se *Om te lewe is onnatuurlik*, Ronel de Goede se *Skoop* (albei deur Tafelberg uitgegee) en Dirk Winterbach se *Die oranje boek* (Hond). Afgesien van die genoemde debute het Tafelberg ook gedurende 1993 die meeste nuwe digbundels gepubliseer, naamlik (in alfabetiese volgorde) *Rasuur* deur Pirow Bekker, Thomas Deacon se *Die predikasies van Jacob Oerson* en Ernst van Heerden se *Najaarswys*. By Human & Rousseau het slegs twee digbundels verskyn: *Respyt* deur Elisabeth Eybers en *Vleiswond* deur Johann de Lange. Hond het naas Winterbach se genoemde digbundel ook Breyten Breytenbach se *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* gepubliseer. *Vergenoeg* deur Patrick Petersen is deur Prog uitgegee.

Op Koueberg, 'n bundel verwerkings deur Phil du Plessis van verse deur die Sjinese digter Han Sjan, het by Snailpress verskyn en *Psalms en lofgesange*, oorsittings deur Bonaventure Hinwood van die Bybelse psalms en lofliedere, by J.L. van Schaik. Daar het een bloemlesing verskyn, naamlik *Bloeityd: Verse oor kinders*, saamgestel deur Johann Johl en Rika Cilliers (Tafelberg), en *Sportgedigte*, 'n eenmalige linnebanduitgawe in beperkte oplaag waarin Ernst van Heerden se sportgedigte versamel is (ook by Tafelberg).

Waar Human & Rousseau gedurende 1992 die meeste poësie gepubliseer het, het dié onderskeiding in 1993 Tafelberg te beurt geval (soos reeds genoem is), en was dit ook opmerklik dat die jong uitgewery Hond nie huiwer om digbundels uit te gee nie. In teenstelling met Tafelberg, Human & Rousseau en Hond het HAUM-Literêr, Perskor, Queillerie en Jutalit egter geen digbundel gedurende 1993 gepubliseer nie.

Daar word soms beweer dat daar deesdae weliswaar minder digbundels as veral gedurende die tagtigerjare gepubliseer word, maar dat die peil van dié digbundels wat nou gepubliseer word, oor die algemeen hoog is. Hierdie bewering is in die meeste gevalle korrek, maar of dit inderdaad as troos kan dien vir die aansienlike afname in die getal digbundels wat in Afrikaans gepubliseer word, is 'n ope vraag. Iets van die bevrugtende geskakeerdheid van die poësie gaan as gevolg hiervan verlore. Die persepsie dat dit moeiliker is om 'n digbundel gepubliseer te kry as prosa, mag ook daartoe lei dat voornemende skrywers hulle liever op die skryf van prosa toelê.

Aan die ander kant is daar egter gedurende 1992 en 1993 verskeie omvattende studies oor Afrikaanse digters se lewe en/of werk gepubliseer. In 1992 het Lucas Malan se *Paradoks en parabool: 'n Studie oor Ernst van Heerden se latere poësie* (HAUM-Literêr), Gerrit Olivier se *N.P. van Wyk Louw: Literatuur, filosofie, politiek* (Human & Rousseau) en Lina Spies se *Kolonnade: 'n Studie oor D.J. Opperman se bundels Heilige beeste, Negester oor Ninevé en Komas uit 'n bamboesstok binne verband van sy oeuvre* (Human & Rousseau) verskyn, en in 1993 J.C. Kannemeyer se *Wat het geword van Peter Blum? Die speurtog na die Steppewolf* (Tafelberg) en E.

Lindenberg se *Groot ode: 'n Leesverslag* (Human & Rousseau).

In literêre tydskrifte skyn die prosa voorrang te geniet bo die poësie in die keuse van onderwerpe vir artikels, en die aanbod van bekronings en prysvrae vir prosa is groter as dié vir poësie.

Vier bundels/bloemlesings uit die poësie-oes van 1993 word vervolgens (in alfabetiese volgorde van vanne) bespreek.

Bonaventure Hinwood: *Psalms en lofgesange* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1993)

Op grond van 'n digbundeltitlel soos *Openbaringe en Johannes* (Phil du Plessis, 1992) en die feit dat Bonaventure Hinwood reeds drie digbundels gepubliseer het (sy debute onder die skrywersnaam Hewitt Visser) waarin die religieuse 'n opvallende en deurlopende kode is, sou 'n mens dalk kon vermoed dat *Psalms en lofgesange* 'n vierde digbundel is; die sakformaat van die uitgawe ten spyte.

Dié bundel is egter in die eerste plek 'n "oorsetting" van Bybelse psalms en lofgesange, bedoel as 'n liturgiese publikasie vir gebruik by die misoffer in die Rooms-Katolieke Kerk. Die oorsetting is deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskopperaad aangevra en gefinansier. Die behoefte hiervoor het ontstaan nadat nuwe liturgiese boeke in Latyn opgestel is ná die Tweede Vatikaanse Kerkvergadering (wat in die vroeë sestigerjare plaasgevind en vier jaar lank geduur het) en die Kerk besluit het om die voorlopige Afrikaanse vertaling wat kort daarna gedoen is deur 'n goeie, meer permanente vertaling te vervang ter wille van die meer as 250 000 Afrikaanssprekende Katolieke (in omtrent 80 gemeentes) in Suid-Afrika en Namibië.

Om dié oorsetting te doen, was vader Bonaventure Hinwood van die Orde van Franciskaanse Monnike (OFM) omrede sy diepgaande kennis van die teologie én sy bewese digterlike vermoëns vanselfsprekend die aangewese persoon - daarvan spreek die besondere kwaliteit van die oorsittings. Hinwood het moeite gedoen om te sorg dat sy oorsittings nie net teologies korrek is nie, maar dat dit ook digterlik, taalkundig en met betrekking tot die register van die Afrikaanse kerktaal (ook van nie-Katolieke denominasies) gepas is.

Die rede waarom daar juis 'n "Katolieke" oorsetting van die psalms en lofgesange in Afrikaans gemaak moes word en die bestaande "Gereformeerde" vertalings nie gebruik is nie lê nie in die eerste plek, soos verskeie mense dalk sou vermoed, by inhoudelike verskille nie. Omdat die psalms en lofgesange in die Katolieke Kerk op inkanterende wyse gesing en/of in 'n groep opgesê word, moet dit streng aan spesifieke ritmiese (nie metriese nie) norme voldoen, soos in die voorwoord tot die bundel uiteengesit word. Hinwood se oorsittings is ook (in teenstelling met Totius se bekende berymings) rymloos, soos in die oorspronklike tekste.

Hinwood se oorsettings staan in sekere opsigte na aan die vertalings in die 1933-Bybel, veral vanweë die dikwels meer formeel-poëtiese taalgewoontes as in die 1983-Bybelvertaling. Die poëtiese kwaliteit van Hinwood se teks word ook verhoog deur die egalig vloeiende ritme, 'n eienskap wat in die psalms in die 1983-Bybelvertaling dikwels hinderlik ontbreek. 'n Naasmekaarplasing van die 1933- en 1983-Bybelvertalings en Hinwood se oorsettings van die psalms en lofgesange toon in talle gevalle hoe geslaagd Hinwood poëtiese kwaliteit en betekenisduidelikheid kombineer, soos uit sy oorsetting van Psalm 23 blyk:

Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my in vars groen weivelde uitrus,
na rustige waters lei Hy my heen,
Hy vernuwe my lewe en stuur my voete
in die regte pad, soos dit Hom geval.

Al gaan ek deur 'n kloof, so donker soos die dood,
geen gevaar sal ek vrees nie, want U is by my,
u stok en u herderstaf moedig my aan.

U berei vir my 'n feestelike tafel voor,
terwyl my teëstanders slegs kan toekyk;
met kosbare reukolie salf U my kop
en skink my beker tot oorloepens toe vol.

U goedheid en liefde sal my lewenslank bybly
en ek sal vir altyd in u tempel woon, o Here.

Die twaalf lofgesange wat naas die psalms in die bundel opgeneem is, kom uit die Ou en die Nuwe Testament, soos 1 Samuel 2:1, 4-8; Jesaja 12:1-6 en Lukas 1:46-55 (Maria se lofsang). Een lofsang uit die boek Tobias (Tobias 13:1-2, 6-8) is ook opgeneem. In sowel teologiese/religieuse as literêre verband is Afrikaans deur die verskyning van hierdie bundel *Psalms en lofgesange* verryk. Die behoefte aan en die verskyning van sodanige publikasie bevestig ook die geskakeerdheid van die Afrikaanse taalgemeenskap.

Johann Johl en Rika Cilliers: *Bloeietyd: Verse oor kinders* (Kaapstad: Tafelberg, 1993)

Oor die afgelope aantal jare het daar in Afrikaans benewens die gebruiklike bloemlesings wat 'n keuse uit die korpus van die Afrikaanse poësie verteenwoordig, heelparty tematiese bloemlesings verskyn, soos *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* (samest. Fanie Olivier, Human & Rousseau, 1986 en 1992), 'n versameling religieuse poësie, *Die braambos brand* (samests. C.J.M. Nienaber en M. Nienaber-Luitingh, Tafelberg, 1987), *Speelse verse: 'n Keur* (samest. Daniel Hugo, Tafelberg, 1988) en *Miskien sal ek die wingerd prys: Ryme en gedigte oor wyn en sterk drank* (samests. Daniel Hugo en Etienne van Heerden, Tafelberg, 1989). 'n Bloemlesing soos *Groen: Gedigte oor die omgewing* (samest. Johann Lodewyk Marais, HAUM-Literêr, 1990) is saamgestel uit nuwe gedigte wat spesiaal vir dié omgewingsbundel geskryf is, terwyl die bloemlesing *Goudaar* (samest. Fanie Olivier, Perskor, 1986) saamgestel is as geleentheidsbundel waarvan die publikasie met die eufees-vieringe van Johannesburg saamgeval het. Waar bloemlesings in die verlede dikwels hoofsaaklik met die oog op gebruik binne akademiese verband saamgestel is, toon die verskyning van tematiese bloemlesings soos hierbo genoem 'n

welkome tendens om toenemend ook vir die leser wat nie noodwendig met 'n akademiese belangstelling lees nie, voorsiening te maak en die poësie van sy dikwels knellende akademiese keurslyf te help bevry.

Bloeietyd, die jongste toevoeging tot die korpus tematiese bloemlesings in die Afrikaanse literatuur, sentreer rondom die kind. Veral danksy die gevarieerde aanbod van gedigte kon die samestellers daarin slaag om nie in die slag te val om 'n sentimentele ag-is-kinders-nie-dierbaar-nie-bloemlesing saam te stel nie. *Bloeietyd* bevat, in chronologiese volgorde, gedigte oor die verskillende ontwikkelingsfases van die kind vanaf die voorgeboortelike toestand (D.J. Opperman: "Bevrugting", Ingrid Jonker: "Swanger vrou", Antjie Krog: "eerste teken van lewe") tot en met die tienerjare (Elisabeth Eybers: "Terugkeer van Klaas-Hannes").

Die bloemlesing bied egter veel meer as net 'n chronologiese blik op die ontwikkeling van die kind, en dit is juis die ander perspektiewe wat dikwels verrassende leesstof bied. Daar is byvoorbeeld gedigte oor die kind as lid van 'n gesin (Antjie Krog: "familiefigure as beeldmateriaal"); oor die kind as slagoffer en/of gestremde (Johann de Lange: "Skerpskutters", C.M. van den Heever: "Die ewige kind", Marlene van Niekerk: "troetelwoorde vir ogilvie douglas"); oor die uitgelewerdheid van die kind aan sy omstandighede: sosiaal, maatskaplik en veral polities (Ingrid Jonker: "Die kind", Fanie Olivier: "'last grave at dimbaza'", Adam Small: "Geboortesertifikaat"); daar is gedigte oor die dood van kinders (Totius: "o Die pyn-gedagte", P.J. Philander: "Haar uitvaart"). Die bloemlesing word afgesluit met 'n aantal gedigte waarin jeugherinneringe voorkom en gedigte waarin metafisiese aspekte betrek word, dikwels deur verwysing na of gebruikmaking van die kind/kindwees as metafoor of simbool (N.P. van Wyk Louw: "Toe jy kind was", Elisabeth Eybers: "Herinnering", D.J. Opperman: "Negester en stedelig").

In die voorafgaande voorbeelde is doelbewus na bekende gedigte verwys. Die verrassende (wat ek nie hier wou weggee nie) lê dikwels in die ander, vir heelwat lesers waarskynlik minder bekende, gedigte, veral uit meer onlangs gepubliseerde bundels. Vir diegene wat van statistiek hou: *Bloeietyd* bevat 153 gedigte van meer as 70 digters, en volgens die samestellers is daar genoeg onopgenome gedigte oor kinders oor om nóg twee soortgelyke bloemlesings te kan uitgee.

Ernst van Heerden: *Najaarswys* (Kaapstad: Tafelberg, 1993)

Soos in die geval van Elisabeth Eybers, het die publikasie van 'n nuwe digbundel deur Ernst van Heerden iets van 'n literêre gebeurtenis geword. Daar is verskeie redes vir dié belangstelling, soos dat albei oevres omvangryk is en dat altwee digters oor 'n lang tyd 'n hoë peil van digterskap bly handhaaf het. Sowel Eybers as Van Heerden beklee dan ook 'n prominente plek in die Afrikaanse literêre kanon.

Ook op persoonliker vlak is daar ooreenkomste tussen Eybers en Van Heerden. Albei lei byvoorbeeld 'n baie privaat lewe en doen moeite om hulle privaatheid te beskerm. Maar een van dié bewonderenswaardige kenmerke van hierdie twee digters se werk moet sekerlik wees dat hulle nog steeds, soos in die verlede, poësie skryf wat binne die eietydse konteks en tydgees relevant is. Van nie 'n enkele van Eybers of Van Heerden se onlangse digbundels kan gesê word dat die publikasie daarvan slegs 'n gebaar van welwillendheid was nie. Die verskyning van *Paradoks en parabool: 'n Studie oor Ernst*

van Heerden se latere poësie (vanaf *Anderkant besit*, 1966, tot en met *Kwadratuur van die sirkel*, 1990) deur Lucas Malan (1992) dra daartoe by om Van Heerden se posisie in die Afrikaanse letterkunde te bevestig en werp meer lig op sy poësie. Omrede die besondere posisie wat Van Heerden tans in die Afrikaanse poësie beklee, word daar in dié kroniek heelwat aandag aan sy jongste bundel afgestaan.

Een en vyftig jaar na die verskyning van Van Heerden se debuutdigbundel, *Weerlose uur* (1942), verskyn sy sestiende enkelbundel, *Najaarswys* (en 'n spesiale huldigingsbundel met die titel *Sportgedigte* - kyk die slotbespreking in hierdie kroniek) in 1993.

Najaarswys bevat 45 gedigte wat in twee afdelings georden is: "Sonnewende" (24 gedigte) en "Vergissmeinnich" (21 gedigte). Die bundel- en afdelingstitels dien as belangrike merkers van sowel kodes as taalgebruik. *Foregrounding* van (wat later uitgebou word tot) die kodes *verandering* ("Sonnewende"), *bestendinging* ("Vergissmeinnich") en *ouderdom of beleënheid* ("*Najaars-wys*") vind plaas. As sodanig maak dié bundel deel uit van die nogal omvattende korpus letterkundige werke oor die ouderdom wat daar in die jongste tyd deur sowel digters as prosaskrywers gepubliseer is: naas Van Heerden en Elisabeth Eybers dink 'n mens aan S.J. Pretorius (*Anamnese*), Karel Schoeman ('n *Ander land en Hierdie lewe*), Alba Bouwer (*Die afdraand van die dag is kil*) en Bertha Smit (*Juffrou Sophia vlug vorentoe*). Hierdeur word nie net weer-spieël dat ons in 'n samelewing leef waar mense se lewensverwagting al hoe groter word en die persentasie bejaardes al hoe hoër nie; wat die poësie betref, bevestig dié verskynsel in sekere opsigte Phil du Plessis (in *Vrye Weekblad*, 11.11.1993) en Daniel Hugo (in *Afrikaans Vandag*, Nov. 1993) se stelling dat die Afrikaanse poësie (nié die prosa nie) om verskeie redes besig is om te "verouder".

Behalwe op die kode van ouderdom dui die titel *Najaarswys* ook reeds op aspekte van Van Heerden se taalgebruik. Deur die gebruik van die woorddeel "-wys" word die leser verskeie interpretasiemoontlikhede toegelaat: dui dit op *wyse* (manier), *wysheid* en/of *wysie*? Die titel van die eerste afdeling, "Sonnewende", verrai egter 'n ánder talige eienskap van Van Heerden se poësie, naamlik die formele, dikwels gestileerde aard van sy taal. Soms skep sekere woordkeuses en ontlenings aan Nederlands selfs die indruk van 'n "outydse" soort taalgebruik; en dié eienskap, soos die situering van etlike "Europa"-gedigte teen omstreeks die tyd van die Tweede Wêreldoorlog, is van die weiniges wat Van Heerden se werk soms gedateer laat voorkom (kyk bv. die gebruik van "uitstalrame" en die frase "wat bengelende kleuters maklik tors", p. 33).

Om die kodes en/of temas en/of motiewe in *Najaarswys* bloot te katalogiseer, is op sigself nie juis noemenswaardig nie, en tog is die tematiese ook belangrik. Wanneer die leser dan op grond hiervan verbande kan lê met ander oevres, of binne Van Heerden se eie oeuvre, of ten opsigte van periodes en/of tydgees, word die prentjie interessant.

Dit is byvoorbeeld insiggewend dat *foregrounding* van prominente inhoudelike aspekte reeds in die eerste gedig, "Droë somer", voorkom. Finaliteit, afsluiting, en die aanbreek van die "tyd (...)/ vir die verbranding van blare" kan onder die kode *verandering* tuisgebring word. Die motto tot (en titel van) die eerste afdeling, "Sonnewende", ondersteun hierdie kode: "(...) the unloved year/ Would turn on its hinge that night" (my kursivering).

Weerloosheid en die prysgee van skanse kom veral in die

tweede afdeling prominent na vore en hang met die ouderdomskode (kyk bv. "Ouetehuis" en "Ontdekking") saam. Die onafwendbaarheid van verlies, wat ook in die landskap neerslag vind (soos in "Dorps"), word besef en betreur, en die bestendigingskode werk in 'n sekere sin daarteen in: daar word 'n wederstrewigheid teen die dood in die Kafka-motto voor in die bundel uitgespreek (vry vertaal, lui dit: "Die logika is weliswaar onwrikbaar, maar dit is nie bestand teen 'n mens wat werklik wil lewe nie"). In heelparty gedigte in die afdeling "Vergissmeinnich" word die begeerte om onthou te word (alternatiewelik: die vrees om vergeet te word) óf geïmpliseer óf in soveel woorde uitgespreek ("Vooruitsig", "Uniek", "Bede"). Dit is 'n gegewe wat, soos talle van die genoemde kodes in *Najaarswys*, ook reeds in vroeëre Van Heerdenbundels voorgekom het: kyk byvoorbeeld "Geschiedenis van 'n literêre beweging" uit *Amulet teen die vuur* (1987).

Deur die besef en beskrywing van afskeid en vertrek (pp. 14, 37, 44, 50) word die reismotief 'n gegewe in *Najaarswys* (kyk "Reisiger", "Groet", "Anachoret") en sluit Van Heerden weer eens by vorige bundels aan: die titel *Die swart skip* (1984) is 'n voor die hand liggende voorbeeld van 'n reis wat geïmpliseer word.

Ook in ander opsigte bestendig gedigte in *Najaarswys* herhalende elemente in/aspekte van Van Heerden se oeuvre. Sportfigure word steeds beskryf; 'n aantal baie mooi gedigte oor die geliefde Karoo-wêreld word opgeneem, net soos gedigte oor 'n vervloë Europa (soos reeds genoem is). Ook gedigte met 'n plaaslik-eietydse sosiopolitieke inslag (soos "Necklace") kom voor, soos in Van Heerden se meer onlangse bundels, en die religieuse kode is eweneens steeds aanwesig.

Die speel van die spel van intertekstualiteit is een van die eienskappe van die meer onlangse Afrikaanse literatuur (wyer as net die poësie), en dit figureer ook in beduidende mate in Van Heerden se werk. Sy vernuftigheid in hierdie verband gaan nie aan die leser verby nie. Soos in vorige bundels gebruik Van Heerden intertekstuele verwysings dikwels in "bevestigende" verband of as oerteks vir die skep van 'n nuwe teks: kyk byvoorbeeld die reeds genoemde "Geschiedenis van 'n literêre beweging" (*Amulet teen die vuur*), wat in hoë mate op Howard Nemerov steun, of die gedig "Uitwissing", wat geskryf is "(na 'n insident by Alexander Solzjenitsin)".

Hierteenoor voer Van Heerden ook dikwels die verwysing verder, jukstaponeer hy sy eie teks met betrekking tot die bron- of interteks of gee hy 'n ánder kinkel aan die intertekstuele kabel. Enkele voorbeelde hiervan is Van Heerden se verwysing na die *donkerstroom* van sy bloed ("Bloedmonster") in jukstaposisie met Eugène N. Marais se verwysing na die donker stroom van die dood, en die verwysing na die *woedende dood* ("Reisiger") teenoor Sheila Cussons se "woedende brood". 'n Titel soos "Karoostasie, middernag" roep N.P. van Wyk Louw se "Karoedorp: someraand" in herinnering in 'n spel van ooreenkomste en teenstellings wat in die gedig uitgebou word, en die situasie in D.J. Opperman se "Glaukus klim uit die water" word in "Ichtus" deur Van Heerden "omgekeer" wanneer daar na die oerwêreldlike of oerbron teruggekeer word. Baie ander voorbeelde kan genoem word waarin Van Heerden van literêre, Bybelse en mitologiese verwysingsraamwerke gebruik maak.

Tegnieke en werkwyses wat opvallend in *Najaarswys* gebruik word, is kontrastering, die skep van neweskikkende konstruksies (soos "wil en doel", p. 17; "gedug en wakker", p. 28), vraagstelling (bv. pp. 24, 27, 55) en die isolering van

'n woord of (soos in "Bede") 'n kort frase in die eerste versreël van 'n strofe.

Nie alle gedigte in *Najaarswys* is op dieselfde peil nie; 'n verskynsel wat in verskeie Afrikaanse digbundels voorkom. (Hoe billik is die dikwels implisiete eis dat alle gedigte in 'n digbundel op dieselfde hoë peil moet wees?) Teen verskeie dinge in dié bundel sou kritiek ingebring kan word, soos teen die taal- en beeldgebruik in die eerste strofe(s) van "Langs 'n wêreld", "Ontwaking" en "Ich bin der Welt abhanden gekommen".

Baie meer opvallend, egter, is die talle gedigte wat die leser aangryp. Ek noem net 'n paar: "Die marmersater" wat, die speelse inslag ten spyte, van verganklikheid spreek; "Besoeker" met sy vernuftige slot; die stemmingryke "Karoostasie, mid-dernag", wat 'n pragtige toevoeging tot Van Heerden se ander bekende Karoo-gedigte is, en "Anachoreet", waarin daar oor die winste en verliese van 'n hele lewe nagedink word. Twee lang gedigte uit die afdeling "Sonnewende" verdien ook vermelding: die meer as twee bladsy lange "Uittog" (die genoemde kritiek teen aspekte van die taalgebruik ten spyte), wat in sekere opsigte aan Marthinus Nijhoff se "Het uur U" herinner en op 'n bykans apokalipties-visionêre slot uitloop, en "Nag kom oor die planeet", die slotgedig van die eerste afdeling, waarin 'n genadige vryspraak oor al die lande van die wêreld uitgespreek word.

Veral in Van Heerden se meer onlangse bundels word daar dikwels gevra om bestendinging, om onthou te word; word die sin van sy lewe deur die digter bevraagteken: "ek het by alles dalk vergeefs geleef" ("Ich bin der Welt abhanden gekommen"). Intendeel, wil die leser antwoord: om 'n oeuvre soos Van Heerden s'n het die digter nié vergeefs geleef nie, en kan hy inderdaad sê (soos in "Uniek"):

ék het hier gewandel
en op my eie klankgolf uitgeroep.

Ernst van Heerden: *Sportgedigte* (Kaapstad: Tafelberg, 1993)

Van Heerden se gedigte oor sportfigure en/of die beoefening

van verskillende sportsoorte het feitlik van die begin van sy digterskap af aandag getrek. Die bekroning van ses van dié gedigte met 'n silwermedalje by die Olimpiese Kunsfees wat met die 1948-Olimpiese Spele in Londen saamgeval het, het Van Heerden as "sportdigter" van formaat gekanoniseer, en geslagte skoliere het via die skoolleerplanne met gedigte soos "Die bokser" en "Die gewigopteller" kennis gemaak.

Op 19 Maart 1993, een dag voor Van Heerden se 77ste verjaardag, is hy op tweërlei wyse as sportdigter vereer: die Universiteit van Pretoria se Sportburo het 'n eretoekenning aan hom gemaak en 'n faksimilee-uitgawe van 27 van sy sportgedigte (in sy eie handskrif) is deur Tafelberg uitgegee en op dié aand aan Van Heerden oorhandig. Hierdie huldigingspublikasie is in 'n linneband soortgelyk aan dié van *Verse vir Ernst* (1991) uitgegee in 'n eenmalige oplaag van 350 eksamplare.

Die ses gedigte wat by die Olimpiese Kunsfees bekroon is, is as die eerste gedigte in die bundel opgeneem. 'n Ruimer opvatting van die begrip *sportgedigte* blyk egter uit die insluiting van gedigte soos "Jagvalk", waar die valkenier net by wyse van sy "gestrekte pantserarm" aan die slot van die gedig ter sprake kom, en "Dwerg in die sirkus". Geen gedigte uit óf *Kwadratuur van die sirkel* (1990), waarin die jagtersfiguur meermale voorkom, óf *Najaarswys* (1993) is by die versameling in *Sportgedigte* ingesluit nie.

Die feit dat Van Heerden as sportdigter gehuldig word by wyse van sowel 'n eretoekenning deur 'n sportburo as 'n spesiale uitgawe van sy sportgedigte, onderstreep die belangrikheid van sport in die hedendaagse kultuur. In 'n essay met die titel "Sports chatter" (opgeneem in *Travels in hyper-reality*, 1987) beskryf die semiotikus Umberto Eco sport as "a profound structure of the Social whose Maximum Cement, if broken up, would cause a crisis in every possible associative principle, including the presence of man on earth, at least as he has been present in the last tens of thousands of years." Hy formuleer die betekenis van sport soos volg: "Sport is Man, Sport is Society." En omgekeerd bevestig dié huldiging van Van Heerden as sportdigter nie net die belangrikheid van sport nie, maar ook die seggingskrag van die poësie.